**Numeri: Voorbeelde en waarskuwings vir ons**

**Num 1: 1-4**

**28 Maart 2021**

1. Indeling van die boek Numeri:
    a. Voorbereiding vir die woestyntog by Sinai: Num 1:1-10:10
    b. Woestyntog vanaf Sinai, verby Kades, tot by die Moabsvlakte: Num 10:11-21:35
    c. Gebeure op die Moabsvlakte: Num 22:1-36:13
2. Uiteenlopende tipes literatuur (genres):
    a. Narratiewe (geskiedenisbeskrywings)
    b. Wette / voorskrifte
    c. Administratiewe beskrywings (bv. die sensusopnames)
    d. Uitsprake (bv. uitsprake van Bileam)
3. Num 1:1
    a. Die Here praat met Moses (meer as 150 keer in die boek)
        i. Die Here is aktief en konstruktief betrokke en in beheer
        ii. … anders as die volk wat murmureer
        iii. Die Here praat met die volk – dis genade. Die Here hou aan om met volk te praat t.p.v. hulle sondes – dis 'n misterie. Die Here praat eeue later met ons deur hierdie gebeure – dis 'n wonder!
        iv. Die Here praat deur Moses – by Sinai het die volk hiervoor gevra
    b. In tent van ontmoeting, dus tabernakel – simbool van die Here wat onder die volk woon
    c. In die Sinaiwoestyn – na verlossing uit Egipte, na Rooi See, op pad na beloofde land
    d. 13 maande na die uittog (die boek is bykans chronologies, maar nie 100% nie)
4. Nuwe Testamentiese perspektief op Numeri
    a. 1 Kor 9:24-10:13
        i. V 24-27: gelowiges moet hulle inspan in wedloop sodat hulle kwalifiseer vir die oorwinningsprys
        ii. V 1-2: volk is almal verlos uit Egipte en deur die Rooi See
        iii. V 3-4: volk het geëet van die manna en gedrink van die water uit rots
        iv. V 5: … en tog was God met die meeste nie tevrede nie! (Mense kan onder die indruk wees hulle is gered, kan selfs gedoop wees en nagmaal gebruik, maar God kan steeds nie met hulle tevrede wees nie)
        v. V 6-11: Hier is lys van voorbeelde en waarskuwings wat gelowiges mag gebruik om seker te maak hulle is werklik gered: afgodsdiens (goue kalf – Eks 32), onsedelikheid (Moabitiese vrouens – Num 25), Christus uitgetart (koperslang – Num 21), murmurering (Korag, Datan en Abiram – Num 16)
        vi. V 12-13: Oppas dat jy nie val nie – daar kom toetse! Maar die toetse sal nie bo die krag van gelowiges wees nie
    b. Heb 11 – skare OT geloofsgetuies, Heb 12:1 – hardloop dan met volharding!
    c. Eenmaal gered, altyd gered? Ja, maar maak seker jy is gered!
    d. Numeri / Openbaring:
        i. Voorbereiding by Sinai / sewe briewe aan sewe gemeentes
        ii. Woestyntog / inhoud van seëls, trompette, bakke
        iii. Moabsvlakte net voor beloofde land / net voor nuwe Jerusalem
5. Numeri is 'n boek met voorbeelde en waarskuwings vir ons wat in die laaste dae leef!